

14 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 29:38–46 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Eksodus 29:42

Diens aan die Here vra algehele en aanhoudende toewyding

Een van die grootste gevare vandag is dat ons ons geloofsluwe so ligtelik kan opneem. Dit word naderhand 'n gewoonte om kerk toe te gaan, om katkisasie by te woon, of selfs om te gaan huisbesoek doen.

Dit is wat gebeur het met die Israëliete. Na baie jare se verblyf in Israel was een van die klagtes teen hulle dat hulle godsdiens maar blote gewoonte was. As jy hierdie gedeelte lees uit Eksodus 29, dan verstaan jy hoekom. Elke oggend en elke aand moes die brandoffer gebring word, die lammer, die fynmeel, die olie en die wyn.

'n Mens sou dink dit is vervelig. Maar ons maak dieselfde fout met ons godsdienslewe. Elke Sondag opstaan. kerk toe. Elke dag Bybellees en bid. Maar met watter gesindheid? Hoe word dit gedoen? Die belangrikste gedagte hier is die toewyding waarmee hierdie offer gebring moes word. “Voortdurend” sê vers 42. Ja, dit was 'n gewoonte, 'n goeie gewoonte, maar die gesindheid moes reg wees.

As jy dan uit blote gewoonte kerk toe gaan, of Bybel lees, of katkisasie toe gaan, sonder dat jy weet en beseft dat jy dit doen as gevolg van God se genade, dan moet jy mooi dink oor jou geloofsluwe. Jy kan nie bekostig om dit uit gewoonte te doen nie. Dit moet uit die hart kom, met toewyding, en ook nie elke nou en dan nie, maar aanhoudend. Paulus skryf nie verniet in 1 Tessalonisense 5:17 nie: “Bid sonder ophou.” Die Here gee sulke opdragte aan ons om ons juis te herinner daaraan dat Hy altyddeur gedien moet word. Ons kan nie een oomblik bekostig om slap te lê nie. Ons moet altyd bewus wees van dit wat in ons hart aangaan, hoe ons geloofsluwe lyk.

En God se belofte aan die volk is dat God onder hulle sal woon en vir hulle 'n God sal wees (vs 45). Hy doen dit ook met ons deur die inwoning van sy Gees in ons lewens. Hy vra egter net dat ons aanhoudend, vir ewig bereidwillig sal wees om Hom te dien. Hy is tog ons God en ons Verlosser. Doen dit dan, nie uit gewoonte nie, maar meer eerbied en respek vir die Almagtige en Heilige God.

Sing: Psalm 72:1 (Totius)

Ds N Boy (Thabazimbi)